

# Kategeet werkblad: 5 September 2010

---

## Teksgedeelte:

Jesaja 3:1-4:1

## Agtergrond:

(Uittreksels uit Bybelstudie deur Annene Mullins en Fanie Cronjé)

Die woordjie *sal* laat dit klink of dit wat hierna volg 'n voorspelling van die toekoms is. Dit is nie die geval nie, want die Redaktor(s) kyk terug op die ballingskap (sesde eeu voor Christus). Hulle gee die feite van 'n hartseer stukkie geskiedenis weer. *Sal* gaan hier oor feite. Een hiervan is die slim manier waarop die Babiloniërs, wat by die Assiriërs oorgeneem het, te werk gegaan het om hulle groot wêreldryk te bestuur. Nadat hulle 'n gebied binne geval en oorwin het, het hulle die boonste laag van die samelewing na Babilonië toe weggevoer (2 Kon 24:14). Dié wat agtergebly het staan nie saam nie. Hulle kom in opstand teen mekaar omdat eerloses nie ander eerloses se gesag wil aanvaar nie. Die samelewing staan op sy kop. Dít kan op niks anders as vernietiging uitloop nie!

In daardie wêreld het mense nooit hoër as hulle familie gedink of gestreef nie. Wie is die volke oor wie die mantel-man nie owerste wil wees nie? Eerstens sy eie volksgenote wat saam met hom agtergebly het en teenmekaar in opstand is. Maar ook vreemdes wat die Babiloniërs uit ander gebiede in Juda ingevoer het. Hulle het nie die belange van die gebied of sy inwoners op die hart gedra nie.

Die uitdrukking op die volk se gesig was nie een van respek en aanbidding nie, maar eerder uittarting. Dit terwyl hulle God in die oë gekyk het! Soos Sodom van ouds kon hulle wie hulle is en wat hulle aanmekaar en God doen, nié wegsteek nie. Hulle was astant en verwaand.

## Verwagte uitkoms:

In die samelewing waarin hierdie gedeelte afspeel en ook in grepe van ons samelewing kan ons raaksien dat mense na allerande *manteltjies* gryp wat ons beter moet laat voel oor ons situasie. Mens kan die vraag vra rondom ons besittings: Behoort dit aan my of behoort ek daaraan? So kan iets wat ek nie het nie, by my ook so obsessie word dat my lewe daardeur geregeer word. Kinders word deur die media blootgestel aan hoe hulle moet lyk, wat hulle moet dra, wat hulle moet kyk ens. Die doel van die preek en van die les is om die vraag te vra: “Hoe is ek sosiaal verantwoordelik? Neem ek meer as wat ek nodig het?” Ons as geloofsgemeenskap het die roeping om nie deel te word van die verbruikerskultuur van ons samelewing nie, maar om eerder brugbouers te wees van God se genade – hoe bring ons as gelowiges God se genade waar ons betrokke is?

## Aksie:

Ek verwag dat die kinders bekend sal wees met die TV-reeks *Survivour* en ook dat hulle sal weet wat 'n *Immunity Idol* is, beskryf aan hulle dat die *Immunity Idol* aan die persoon wat dit besit die mag gee om die spel van *Survivour* te verander, dit gee die persoon die mag om nie uitgestem te word nie,

maar om alliansies te vorm met die ander spelers. Dalk gebruik ons in ons lewens ook die dinge tot ons beskikking as sulke *Immunity Idols*. Dit kan jou talente wees wat jy dalk ten koste van ander mense gebruik. Geld, jou intelligensie, jou vriende, sportiwiteit, musikaliteit.

### Reviewing:

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as 'n riglyn om by bg. Verwagte uitkoms uit te kom. Jy kan ook jou eie vrae gebruik. Gedeeltes in (hakkies) dui voorbeeld antwoorde aan, dit is in volwasse taal geskryf en kan nie net so aan kinders oorgedra word nie – jy moet dit jou eie maak!

### Diamant vrae:

- Wat is die dinge wat mense soms gebruik as hulle *Immunity Idols*?
- Bespreek met 'n maatjie, wat is die dinge wat jy dalk soms gebruik as 'n *Immunity Idol*?

### Hart vrae:

- Dink jy dat: elkeen is net vir homself verantwoordelik of is ons ook vir mekaar verantwoordelik, hoekom?
- Wat sê dit vir jou van iemand as hy nie ander mense in ag neem nie?

### Skoppens vrae:

- Watter fout het die mense gemaak waarvan Jesaja vertel het en hoe het dit die ander mense beïnvloed?
- Wat moes hulle eerder gedoen het?

### Klawers vraag:

- Hoe kan ons as gelowiges wys dat ons vir mekaar verantwoordelik is?
- Hoe kan ons wêreld verander as mense eerder saamstaan as dat elkeen leef asof hy die belangrikste op die planeet is?